

MENS SE KONDISIE DEUR HONDEBEELDE BELIG, Cobus van Bosch

*Tentoonstelling: Spot the Dog - 'n Beeldhou-installasie deur **Raymond Smith** .*

In hierdie reeks werke, Smith se eerste solo-tentoonstelling, word die hondespesie ingespan as “metafoor vir die menslike kondisie”, inderdaad 'n breë beskrywing wat baie ruimte laat vir interpretasie.

Die tentoonstelling bestaan uit 'n groot aantal klein beeldjies (sommige geverf, ander nie) van verskillende honderasse wat Smith in klei gevorm en toe gebak het. Die diere is voorts saamgegroepeer op 'n paar groot glasplate wat tafelhoogte uit die dak hang en só 'n aantal kleiner installasies vorm. Onder elke glasplaat is lappies grasperk of (in een geval) grond, waarop nóg honde in groepe of op hul eie gerangskik is.

Hoe presies die honde aspekte van die menslike kondisie eggo is iets wat die installasie nie maklik verklar nie, maar daar is genoeg leidrade om iewers op 'n spoor te kom, al sal dit noodwendig 'n eie vertolking wees. Byvoorbeeld, op die glasplate (mensgemaakte omgewing) staan die diere in formele formasies, en op die gras (natuur) is daar minder orde. En teen die galerymuur is kort en insiggewende tekste, hoofsaaklik uitdrukkings soos “Elke hond kry sy dag” en “He who lies down with dogs, will rise with fleas”.

Die beeldreekse en veral 'n werk met slegs een hond, is treffend in the galleryruimte geïnstalleer, met dramatiese beligting en 'n klankbaan (deur die klankkunstenaar James Webb) van gemanipuleerde hondegeluide, wat bydra tot 'n ontsetelende stemming. Hier het Smith se profesie as binnenshuise ontwerper hom goed te pas gekom.

Hoewel die beeldhoustukke in die gallery goed saamwerk om 'n sterk geheel te vorm, is daar tog 'n vraag: Sal elke hond op sy eie, sonder die konteks van die groter geheel of klank, beligting en tekste teen die muur, dieselfde visuele trefkrag en metaforiese betekenis hê?